Die Kosbare Geskenk

deur Peta Jones

Gepubliseer deur
The Humane Education Trust

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

www.naturebased.education

ISBN 978-0-9814072-2-7

Illustrasies: Pandora Alberts

©The Humane Education Trust
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die toestemming van The Humane Education Trust gereproduseer, in ‘n stelsel vir inligtingsbewaring gestoor, of met enige elektroniese of meganiese wyse weergegee word nie, hetsy deur fotostatiese vaslegging, klankopname of andersins.



Die klein donkie

Thabo was drie jaar oud toe sy pa se donkie ‘n vulletjie gekry het. Thabo se pa het gesê hy kan die vulletjie ‘n naam gee en hom self versorg. Hy het vir Thabo vertel dat konings en edelmanne baie jare gelede op donkies gery het. Mense is baie gelukkig dat donkies vir hulle kan werk. Maar hulle moet goed versorg word in ruil vir al hul harde werk.

Thabo het die klein donkie Chipo genoem, wat ‘geskenk’ beteken. Thabo se pa het hom gewys hoe om die donkie gewoond te maak dat daar aan sy voete en oë gevat word, want somtyds moet donkies se hoewe skoongemaak word as hulle vol modder of dorings raak. Hulle oë moet gewas word as daar te veel stof en vlieë is wat die donkies pla.

Thabo het van Chipo se sagte pels gehou toe hy nog klein was, en die fluweel-agtige vel rondom sy bek.

Thabo het stukkies kos in sy hand gehou en Chipo gevoer. Hy het dit uit Thabo se hand gevat met sy sagte lippe. Gou-gou het Chipo hard gebalk om Thabo te groet as hy hom sien aankom.

Chipo het vinniger groot geword as Thabo.



Maar Thabo se pa het hom gewaarsku dat Chipo se bene nog nie sterk genoeg was nie. As hy hard sou moes werk of swaar goed op hom gelaai sou word, sou sy bene knak en dan sou hy pyn gehad het vir die res van sy lewe. As hy goed versorg word, kon hy amper so lank soos Thabo lewe, want donkies kan baie lank lewe.

Toe Chipo vier jaar oud en volwasse was, het hy sy ma gehelp om Thabo se pa se karretjie te trek. Chipo het ook gehelp om Thabo se ma se lande om te ploeg. Maar nou was Thabo sewe jaar oud en hy het Chipo nodig gehad om hom skool toe te vat. Thabo het swaar boeke gehad om te dra, maar Chipo kon die boeke en vir Thabo gelyk dra.

Skooldae

Terwyl Thabo by die skool geleer het, het Chipo geleer om goeie kos in die heuwels te kry. Droë gras en bossies is goeie kos vir ‘n donkie. Thabo het Chipo geleer om elke dag op die selfde tyd terug te gaan as die skool gesluit het, om vir hom en al sy boeke huis toe te dra. Party kinders by die skool het vir hom gelag.

Sally het gesê: “Dis snaaks om so ‘n ou stadige dier te gebruik. My pa bring my met ‘n mooi, vinnige motorkar. En ek kan na die radio luister in die kar!”


79 LP

Ander kinders het gesê: “Ons kom met ‘n taxi en ons luister na CD’s!”

Phineas het gesê: “My trapfiets is mooi en blink en bly net daar waar ek hom neersit. Hy hoef nie gras te eet nie en het ook nie petrol nodig nie.”

Maar Thabo was baie lief vir Chipo en Chipo was ook lief vir Thabo en hy het hom oral gevolg. Thabo het nie sy pa vir ‘n fiets gevra nie.

Eendag op pad skool toe, ry Thabo verby Sally wat langs die pad loop met haar swaar skoolboeke.

“Waar’s jou pa se kar?” vra Thabo.

“Daar is nie petrol in die kar nie” het Sally skaam gesê.
Toe klim sy op Chipo en ry saam met Thabo skool toe.
“Chipo het my en al my boeke gedra!” het sy vir die ander kinders vertel. Van toe af het sy amper elke dag saam met Thabo gery.

Op ‘n dag, toe Thabo en Sally op pad huistoe is, sien hulle vir Phineas huil.

“My wiel is pap! As ek nou my fiets probeer ry, sal die wiel heeltemal breek!”

Phineas het sy fiets by die skool gelos. Hy het ook op Chipo geklim en saam met Sally en Thabo huistoe gery. Thabo se pa was kwaad want hy het gedink die vrag is swaar vir Chipo om te dra.

“Drie kinders en al daardie boeke is genoeg vir een donkie! As nog meer kinders wil saamry, of as julle groter word, sal die vrag te swaar word. Ander kinders moet self hulle eie donkies kry” het sy pa gesê.

Phineas het ure gesukkel om sy fiets reg te maak. Hy moes dit herhaaldelik doen, want die rowwe paaie het sy bande baiekeer pap laat word, en dan het hy ook laat by die skool gekom.

Eendag het baie kinders laat by die skool opgedaag. Hier-die kinders het met die taxi gery. Die Skoolhoof was baie bekommerd. Hy het ‘n telefoonoproep gekry, en toe vertel hy vir die onderwysers: “Die taxi was in ‘n ongeluk, maar niemand is beseer nie!”

DieTaxi

Daarna was Thabo se pa die taxibestuurder vir die skool-kinders, en die donkiekar was die ‘taxi’. Sally en Phineas het ook met die ‘taxi’ gery, maar Thabo het nog steeds op Chipo gery want hy was baie lief vir hom.



Al die kinders by die skool het toe lief geraak vir donkies. Somtyds het die kinders vir Thabo en sy pa gaan help om donkiemis op die landerye te gooi. So het Thabo se pa geld gespaar en goeie oeste gekry. Hulle het almal saamgestem dat Chipo ‘n baie spesiale geskenk aan Thabo was. Hulle kon ook sien hoekom Thabo hom so goed versorg het.

Chipo was nooit toegelaat om op die hoofpaaie te gaan nie. En Thabo was altyd saam met hom op die ander paaie. Snags het Chipo ‘n lekker veilige plek gehad om te slaap. Party kinders het hulle pa’s gevra of hulle ook donkies mag kry.

Thabo se pa het sy twee-wiel kar vir ‘n vier-wiel wa geruil, en kon toe meer kinders skool toe vat. As ‘n karretjie net twee wiele het, is dit moeilik om hom te balanseer, spesiaal vir die donkies. Met vier wiele is die probleem opgelos.

Op haar beurt het Thabo se ma geleer om harnasse te maak deur gebruikte supermark-plastieksakkies inmekaar te vleg. Dit maak sterk bande vir die harnasse en maak nie die donkies seer nie. Terselfdertyd het die plastieksakke mooi helder kleure en dit kan ook maklik gewas word sodat die harnasse helderkleurig en skoon kan bly.

Dit is baie beter as om die plastieksakke op die grond te los waar dit deur diere geëet kan word. Diere eet die plastieksakke omdat dit na kos ruik, maar die plastiek maak groot knope in hul mae en kan selfs hulle dood veroorsaak.

Aankomende motors kon die karretjie sien as dit die hoofligte weerkaats. Die wa het ook ‘n seil gehad om die kinders te beskerm teen wind en reën.

Thabo se pa het ‘n kassetspeler gekoop om in die wa te luister, maar meestal het die kinders gesing.

Hierdie boek bevorder die ontwikkeling van deernis, geregtigheid en respek vir alle lewe, deur geletterdheid.

THE HUMANE EDUCATION TRUST
CAPE TOWN SOUTH AFRICA

NatureBased EDUCATION
A DIVISION OF THE HUMANE EDUCATION TRUST